6.17 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.17) en die ontbrekende woord neer.

| blydskap; | hartseer; | geluk |
|---|---|---|

Schalkie was jammer dat sy pa nie sy blou ghoen kon sien nie, want hierdie ghoen was vir hom 'n teken van sy … (1)

6.18 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.18) en die letter (A–D) neer.

Sy ma wou nie hê dat Schalkie rugby speel nie; daarom het …

A hy in die middae in die tuin gewerk.
B sy maats altyd by sy huis kom kuier.
C hy die meeste van sy tyd by sy ma deurgebring.
D hy al minder tyd saam met sy ma deurgebring. (1)

6.19 Die rede waarom Schalkie nie sy huiswerk gedoen het nie, was omdat hy lui was.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.20 Kies die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.20.1–6.20.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.20.1 | Schalkie se oupa | A | … het ná Schalkie se pa se dood eensaam en onseker gevoel. |
| 6.20.2 | Oom Frans | B | … het gevoel dat Schalkie nie sy pa se verantwoordelikheid moes oorneem nie. |
| 6.20.3 | Schalkie se ma | C | … se gesig was vol hartseer en het Schalkie uiteindelik laat glo dat sy pa dood is. |
| 6.20.4 | Mnr. Van Graan | D | … het verlig gevoel omdat Schalkie uiteindelik gehuil het. |
| | | E | … het gesukkel om vir Schalkie van sy pa se dood te vertel. |

(4 x 1) (4)

6.21 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Schalkie het vir sy ma gesê dat hy haar sou oppas.
- Schalkie het sy pa se begrafnis bygewoon.
- Schalkie wou nie na sy pa se dood uit sy ma se kamer kom nie.
- Schalkie het die blou ghoen deur die venster gegooi. (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS K**

Totdat Lida besluit het om by haar ouers te gaan woon.

***

Sy het hom die nuus dié aand ná ete meegedeel.

"Dit sal mos lekker wees, nè, Boet, om by Ouma en Oupa te bly?"

"Nee." Sy gesig was krytwit en Lida het geskrik vir die verwilderde ogies.

Toe het hy by die vertrek uitgehardloop. Sy het die voordeur hoor klap. Teen die tyd dat sy buite kom, was daar geen teken meer van die kind nie.

Sy het ontstemd in die donker straat afgekyk. Dit het verlate en vyandig gelyk.

6.22 Schalkie se ma het besluit om by haar ouers te gaan woon. Hoekom was dit nie reg teenoor Schalkie nie? (1)

6.23 Schalkie het daardie aand na mnr. Van Graan toe gehardloop. Waarom was dit die regte ding om te doen? (1)

6.24 Schalkie se ma sou met mnr. Van Graan trou. Hoekom was dit goed vir Schalkie? (1)

6.25 Na Schalkie se pa se dood was die situasie by die huis nie goed vir Schalkie nie.

Wat sou jy gedoen het om hom te help? (1)

**[40]**

